Tussenresultate Persverklaring vir die ses maande geëindig 31 Desember 2019[1]

REMGRO SE PORTEFEULJE BLY VEERKRAGTIG

- **Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit opsie hermeting, neem toe met 2.4% tot 750.7 sent**
- **Wesensverdienste per aandeel neem af met 0.2% tot 750.9 sent**
- **Intrinsieke netto batewaarde per aandeel neem toe met 3.4%, vanaf R233.03 op 30 Junie 2019 tot R240.93 op 31 Desember 2019**
- **Tussendividend per aandeel vir die tydperk bly onveranderd op 215 sent**

Afgesien van talle makro-ekonomiese uitdagings, bly Remgro se portefeulje veerkragtig. Resultate word grootliks gedryf deur goeie vertonings binne die bank-, gesondheidsorg- en verbruikersproduktekategorieë.

Vir die tydperk onder oorsig het wesensverdienste met 0.4%, vanaf R4 259 miljoen tot R4 242 miljoen, afgeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel (WVPA) met 0.2%, vanaf 752.1 sent tot 750.9 sent, afgeneem het. Ingesluit in wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig is 'n positiewe billike waarde aanpassing van R1 miljoen (2018: R106 miljoen) wat verband hou met die afname in waarde van skuldbriefhouers se omruilopsie van die omruilbare skuldbriewe (opsie hermeting). Met uitsluiting van die opsie hermeting het wesensverdienste met 2.1%, vanaf R4 153 miljoen tot R4 241 miljoen, toegeneem, terwyl WVPA met 2.4%, vanaf 733.4 sent tot 750.7 sent, toegeneem het. Die toename in wesensverdienste, uitgesluit opsie hermeting, is hoofsaaklik die gevolg van hoër verdienste deur Mediclinic International plc (Mediclinic), Siqalo Foods Eiendoms Beperk (Siqalo Foods), die bankafdeling en Total South Africa Eiendoms Beperk (Total). Die toename is gedeeltelik teengewerk deur laer bydraes van Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH), Rand Merchant Investment Holdings Beperk (RMI) en Grindrod Beperk (Grindrod), sowel as laer rente-inkomste.

Kommentaar op die bydrae van elk van die onderliggende rapporteringskategorieë word in die Redakteur se aantekeninge uiteengesit.

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 3.4%, vanaf R233.03 op 30 Junie 2019 tot R240.93 op 31 Desember 2019, toegeneem. Die sluitingsaandeelprys op 31 Desember 2019 was R195.00 (30 Junie 2019: R187.90), wat 'n diskonto van 19.1% (30 Junie 2019: 19.4%) tot die intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig.

Remgro se kontant by die kern op 31 Desember 2019 was R16 675 miljoen (30 Junie 2019: R15 727 miljoen).

Vir die ses maande geëindig 31 Desember 2019, is 'n tussendividend van 215 sent per aandeel verklaar uit inkomstereserwes ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde.

[1] Lesers word herinner dat hierdie persverklaring op Remgro se werklike resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2019 gebaseer is. Daarom reflekteer hierdie verklaring nie die huidige marktoestande nie en moet dit dus in daardie konteks gelees word.

Jannie Durand, hoofuitvoerende beampte van Remgro, sluit af: "*Vanuit 'n besigheids- en 'n politieke perspektief, was die afgelope vyf of ses jaar waarskynlik van Suid-Afrika se moeilikste jare gewees. Ons voorsien dat hierdie tendens ten minste vir die volgende paar jaar sal voortduur en ons bly positief en vol vertroue in Remgro se strategie en volgehoue vermoë om aandeelhouerswaarde oor die lang termyn te skep. Terwyl daar steeds baie onsekerheid rondom wêreldmarkte en veral die potensiële impak van COVID-19 is, is ons steeds vol vertroue dat Remgro en sy onderliggende beleggings goed geplaas is om hierdie storms die hoof te bied en die geleenthede wat tydens sulke uitdagende tye na vore kom, te benut. In verband met ons aankondiging rakende ons voorneme om ons blootstelling aan FirstRand en RMH (die Remgro-uitkering) ten volle of gedeeltelik aan aandeelhouers uit te keer, voorsien ons dat die detail van die voorgestelde transaksie voor die einde van Maart bekend gemaak sal word*."

Kontak:	**Remgro Beperk** **Jannie Durand (HUB) (021) 888-3253** **Mari Rabie (Beleggerverhoudings): mrabie@remgro.com**
Uitgereik en versprei deur:	**Remgro Beleggerverhoudings**
Uitreikingsdatum:	**17 Maart 2020**
JSE kode:	**REM**
Webwerf:	**www.remgro.com**

Redakteur se aantekeninge

Bankwese

Die wesensverdienstebydrae deur die bankafdeling het R1 838 miljoen (2018: R1 775 miljoen) bedra, wat 'n toename van 3.5% verteenwoordig. FirstRand Beperk (FirstRand) en RMB Holdings Beperk (RMH) het wesensverdienstegroei van onderskeidelik 4.8% en 3.0% gerapporteer. RMH het laer groei gerapporteer as gevolg van hoër befondsingskoste wat ontstaan het uit verdere beleggings in eiendomme.

Op 'n genormaliseerde basis, wat sekere nie-bedryfs- en rekenkundige afwykings uitsluit en 'n beter weerspieëling van onderliggende prestasie is, het FirstRand en RMH verdienstegroei van onderskeidelik 5.0% en 3.2% gerapporteer. Hierdie toenames is hoofsaaklik danksy groei in netto rente-inkomste (8% hoër), ondersteun deur groei in deposito's (7% hoër) en stadiger groei in voorskotte (4% hoër), asook stadiger groei in nie-rente-inkomste (5% hoër), wat 'n weerspieëling is van relatief laer groei in fooi- en kommissie-inkomste (3% hoër) en die nie-herhaling van private ekwiteitsrealisasies vergeleke met die vorige tydperk. Kostegroei het bokant inflasie gebly, hoewel die absolute toename van 7% laer is as in vorige tydperke. Die koste-tot-inkomsteverhouding het van 52.3% tot 52.1% afgeneem.

Totale nie-presterende lenings (NPL's) het sedert Desember 2018 met 17% toegeneem, wat die algehele boekgroei en die impak van *IFRS 9* weerspieël. Die algehele krediet waardedalingskoste van 105 basispunte (95 basispunte insluitend Aldemore) is steeds binne FirstRand se deur-die-siklus riglyn en het 'n 18% toename in die koste tot gevolg gehad.

Gesondheidsorg

Mediclinic se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R858 miljoen (2018: R623 miljoen) bedra, wat 'n toename van 37.7% verteenwoordig. Mediclinic gebruik aangepaste verdienste, wat onbestendigheid met

betrekking tot sekere soorte uitsonderlike inkomste en kostes uitskakel, vir prestasiebeoordeling en as metode om duidelike en konsekwente rapportering aan sy aandeelhouers te verskaf. Die grootste verskil tussen aangepaste verdienste en wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het verband gehou met ‘n belastingkrediet van £32 miljoen (Remgro se gedeelte bedra R261 miljoen) ten opsigte van ‘n verlaging in Switserse statutêre belastingkoerse. Daarby het Mediclinic in die tydperk onder oorsig *IFRS 16* implementeer en vir vergelykbaarheid sy resultate ook op ‘n voor-*IFRS 16*-grondslag aangebied. Remgro se gedeelte van Mediclinic se aangepaste voor-*IFRS 16*-verdienste het R619 miljoen (2018: R600 miljoen) bedra, ‘n toename van 3.2%.

In Britse pondterme was Mediclinic se aangepaste voor-*IFRS 16*-verdienste van £76 miljoen onveranderd, wat die verswakking van die gemiddelde SA randwisselkoers teenoor die Britse pond weerspieël. Al drie afdelings (Switserland, Suider-Afrika en die Midde-Ooste) het stewige finansiële vertonings in die eerste helfte gelewer, met groei in omset, EBITDA en pasiëntgetalle. Hirslanden het goeie vordering gemaak met groei oor die hele spektrum van gesondheidsorg, asook die aanpassing van die besigheid by die regulerende veranderinge wat die Switserse gesondheidstelsel raak. Daar is voortgegaan met die implementering van die dagkliniekstrategie, wat daarop gemik is om ‘n meer doeltreffende laer koste-diensleweringsmodel daar te stel, bykomende kliniese beroepslui te lok en volgehoue kostebestuur en doeltreffendheidsbesparings te bewerkstellig.

Verbruikersprodukte

Die bydrae van verbruikersprodukte tot Remgro se wesensverdienste het R977 miljoen (2018: R932 miljoen) bedra, wat ‘n toename van 4.8% verteenwoordig.

RCL Foods Beperk (RCL Foods) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 1.9% tot R359 miljoen (2018: R366 miljoen) afgeneem. RCL se wesensverdienste is wesentlik beïnvloed deur ‘n negatiewe billike waarde aanpassing van R61 miljoen (2018: ‘n positiewe billike waarde aanpassing van R34 miljoen) op mielieverkrygingsposisies, sowel as die impak van die implementering van *IFRS 16: Hure*, wat ‘n bykomende koste van R23 miljoen bygedra het. Met uitsluiting van bogenoemde, het RCL Foods se bydrae tot wesensverdienste vanaf R340 miljoen tot R424 miljoen (of 24.7%) toegeneem. Die toename is hoofsaaklik te danke aan beter resultate in die suikerbesigheidseenheid. Ondanks die verbetering in die resultate van suiker het laer markaanvraag, wat meegebring is deur die implementering van die gesondheidsbevorderingsheffing (suikerbelasting), tot gevolg gehad dat die verkoopsmengsel toenemend neig na die uitvoermark vir ru-suiker, waar marges laag is en geen waarde toegevoeg word nie. Wat die hoenderbesigheidseenheid betref, is strawwe handelstoestande vererger deur ‘n ooraanbod in die mark weens die volgehoue hoë vlakke van gestorte invoere.

Distell Group Holdings Beperk (Distell) se bydrae tot wesensverdienste het R384 miljoen (2018: R399 miljoen) bedra, wat ‘n afname van 3.8% verteenwoordig. Distell het ‘n afname van 9.0% in genormaliseerde wesensverdienste aangepas vir buitelandse valutabewegings gerapporteer, wat die besigheid se vertoning, met die uitsluiting van abnormale transaksies en buitelandse valutabewegings, aandui. Die afname is hoofsaaklik toeskryfbaar aan laer marges en laer verkoopsvolumes as gevolg van swak ekonomiese toestande. Bykomend tot Distell se bydrae het Remgro ook amortisasie- en waardeverminderingskoste van R23 miljoen (2018: R24 miljoen) verantwoord, wat verband hou met die bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Remgro op 11 Mei 2018 beheer oor Distell verkry het.

Die bydrae tot wesensverdienste deur Siqalo Foods het R297 miljoen (2018: R231 miljoen) bedra, wat ‘n toename van 28.6% verteenwoordig. Die toename is hoofsaaklik te danke aan hoër verkoopspryse en laer oorhoofse koste, gedeeltelik teengewerk deur ‘n afname in volumes. Ingevolge ‘n oorgangsooreenkoms met Unilever South Africa Holdings Eiendoms Beperk (Unilever) het Siqalo Foods ook ‘n na-belaste afsluitingsbedrag ten bedrae van R31 miljoen vanaf Unilever ontvang. Bykomend tot Siqalo Foods se bydrae het Remgro ook amortisasie- en waardeverminderingskoste van R40 miljoen (2018: R40 miljoen) verantwoord met betrekking tot die bykomende bates wat geïdentifiseer is toe Remgro op 2 Julie 2018 beheer oor Siqalo Foods verkry het.

Versekering

RMI se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 13.4% tot R504 miljoen (2018: R582 miljoen) afgeneem. Op ‘n genormaliseerde basis het RMI ‘n afname van 13.8% in verdienste gerapporteer, hoofsaaklik weens laer bydraes deur Hastings Group Holdings plc (Hastings), Discovery Holdings Beperk (Discovery) en OUTsurance Holdings Beperk (OUTsurance). Die bydrae deur Hastings het met 51.1% afgeneem as gevolg van ‘n algehele premie-deflasie van 2% en ‘n wesentlike hoër eiseverhouding. Die bydrae deur Discovery het met 11.7% afgeneem weens die laer bydrae van VitalityLife en die beduidende besteding aan nuwe inisiatiewe (hoofsaaklik Discovery Bank), wat deels teengewerk is deur ‘n toename van 17% in die jaarlikse premie-inkomste van nuwe besigheid. OUTsurance se bydrae het met 5.1% afgeneem weens die verwoestende veldbrande in Australië, wat die eiseverhouding drasties beïnvloed het. Die bydrae deur Momentum Metropolitan Holdings Beperk (Momentum Metropolitan) het met 11.7% toegeneem danksy ‘n bestendige vertoning deur die Suid-Afrikaanse lewensversekeringsbesigheid, wat deur gedissiplineerde uitgawebestuur en stewige onderskrywingsresultate, ondersteun is.

Nywerheid

Air Products South Africa Eiendoms Beperk (Air Products) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het met 2.3% tot R170 miljoen (2018: R174 miljoen) afgeneem. Die afname is hoofsaaklik toeskryfbaar aan moeilike handelstoestande, met aanvraag wat in die meeste sektore van die besigheid onder druk was.

Total se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R166 miljoen (2018: R101 miljoen) bedra. Ingesluit in die wesensverdienstebydrae vir die tydperk onder oorsig is gunstige voorraadherwaardasies ten bedrae van R3 miljoen (2018: ongunstige voorraadherwaardasies van R75 miljoen). Hierdie herwaardasies is die gevolg van die onbestendigheid in die Brent ru-olieprys en die randwisselkoers. Uitgesluit die herwaardasies, het die bydrae met 7.4% vanaf R176 miljoen tot R163 miljoen, afgeneem. Hierdie afname is hoofsaaklik toeskryfbaar aan ‘n afname in omset weens ‘n laer basiese brandstofprys, wat deels teengewerk is deur hoër verkoopsvolumes in die mynbou- en herverkoopsektor.

Kagiso Tiso Holdings Eiendoms Beperk (KTH) en Wispeco Holdings Eiendoms Beperk (Wispeco) se bydraes tot wesenverdienste het onderskeidelik R102 miljoen en R67 miljoen bedra (2018: R77 miljoen en R52 miljoen), terwyl PGSI Beperk (PGSI) ‘n verlies van R17 miljoen (2018: ‘n wins van R8 miljoen) tot Remgro se wesensverdienste bygedra het.

Infrastruktuur

CIVH se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het ‘n verlies van R197 miljoen (2018: ‘n verlies van R104 miljoen) bedra. Ondanks die toename in verliese het Dark Fibre Africa Eiendoms Beperk (DFA) se omset tot R1 211 miljoen (2018: R1 065 miljoen) toegeneem danksy ‘n sterk groei van 17% in annuïteitsinkomste, terwyl EBITDA met 19% toegeneem het. DFA se bydrae is negatief beïnvloed deur hoër waardevermindering en finansieringskoste vanweë netwerkuitbreiding. Ingesluit in CIVH se resultate is hoër finansierings- en transaksiekoste weens die verkryging van ‘n bykomende belang van 65.1% in Vumatel Eiendoms Beperk (Vumatel) in Mei 2019, asook ‘n toename in verliese wat vir Vumatel verantwoord is weens die bykomende belang wat verkry is. Vumatel se omset en EBITDA het met onderskeidelik 74% en 109% toegeneem, maar sy resultate is ook negatief beïnvloed deur hoër waardevermindering en finansieringskoste gedryf deur netwerkuitbreiding.

Grindrod se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R41 miljoen (2018: R101 miljoen) bedra. Die afname is hoofsaaklik te wyte aan ‘n laer bydrae van die finansiëledienstebesigheid en die uitsluiting van die verdienste van sekere beëindigde bedrywighede, wat deels teengewerk is deur ‘n beter vertoning deur die skeepsvragbesigheid.

Grindrod Shipping Holdings Beperk (Grindrod Shipping) se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het ‘n verlies van R22 miljoen (2018: ‘n verlies van R18 miljoen) bedra. Grindrod Shipping het ‘n hoër brutomarge behaal danksy beter tariewe in die Supramax/Ultramax- en mediumafstand-tenkskipsemente, maar dit is deur hoër rentekoste teengewerk.

Soos voorheen gerapporteer, het SEACOM Capital Beperk (SEACOM) ‘n nul drawaarde en daarom sal Remgro eers SEACOM se winste verantwoord wanneer dit die opgelope verliese oorskry wat nie in vorige tydperke verantwoord is nie. ‘n Dividend ten bedrae van R22 miljoen is egter in die tydperk onder oorsig van SEACOM ontvang en dit het tot gevolg gehad dat Remgro wesensverdienste van R9 miljoen vir SEACOM geëkwiteer het. Remgro se werklike gedeelte van SEACOM se wesensverdienste het R21 miljoen (2018: ‘n verlies van R1 miljoen) bedra. Die toename is hoofsaaklik toeskryfbaar aan positiewe groei in die tradisionele besigheid, asook ‘n beter vertoning deur die diensverskaffersegment vanweë die insluiting van FibreCo.

Media en sport

Media en sport bestaan hoofsaaklik uit die belange in eMedia Investments Eiendoms Beperk (eMedia Investments) en verskeie sportbelange, waaronder die belange in die Blou Bulle-rugbyfranchise en die Stellenbosch Academy of Sport Properties Eiendoms Beperk.

eMedia Investments se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het tot R36 miljoen (2018: R11 miljoen) toegeneem. Die toename was hoofsaaklik as gevolg van ‘n toename in inkomste ondanks die strawwe ekonomiese omgewing en moeilike handelsomstandighede in die advertensiemark. eMedia Investments gaan voort om in die multikanaalbesigheid (Openview en e.tv-multikanaal) te belê, met Openview se geaktiveerde ontvangstoestelle wat tot ongeveer 1.8 miljoen op 31 Desember 2019 (30 Junie 2019: 1.7 miljoen) gegroei het. Die belegging in die multikanaalbesigheid het vanaf R84 miljoen tot R81 miljoen afgeneem hoofsaaklik weens die vermindering in subsidiekoste, sowel as ‘n toename in inkomste as gevolg van ‘n hoër markaandeel.

Ander beleggings

Die bydrae van ander beleggings tot wesensverdienste het R1 miljoen (2018: R15 miljoen) bedra, waarvan Business Partners Beperk se bydrae R24 miljoen (2018: R29 miljoen) was.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste

Finansieringsinkomste het R276 miljoen (2018: R397 miljoen) bedra. Sedert die vergelykende tydperk is £170 miljoen na die buiteland oorgedra, wat laer rente-inkomste tot gevolg gehad het. Finansieringskoste het R478 miljoen (2018: R459 miljoen) bedra. Die positiewe billike waarde aanpassing van R1 miljoen (2018: R106 miljoen) hou verband met die afname in die waarde van die omruilopsie van die omruilbare skuldbriewe. Ander netto korporatiewe koste het R94 miljoen (2018: R112 miljoen) bedra.